# Die stryd tussen geloof en vrees

Kom ons kyk ‘n bietjie na die volgende Skrifgedeelte:

*2Tim 1:7 “Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.”*

God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie. Vrees kom nie van God af nie. Wanneer ons Jesus se lewe op aarde, en selfs verskeie gebeurtenisse waar mense Jesus of ‘n engel gesien het, beskou, en wanneer hulle verskrik was daardeur, sien ons die Here het dadelik vir hulle gesê:

*“Moenie vrees nie.”*

Die engel wat aan Maria verskyn het, het vir haar gesê,

*“Moenie vrees nie.”*

Die Here wil nie hê dat ons ter wille van Hom moet vrees of skrik nie. Vrees kom nie van God af nie.

As vrees nie van God af kom nie, waar kom dit dan vandaan? Dit kom van die duiwel af. Kom ons verstaan dit mooi. Die duiwel wil hê dat ons bevrees moet wees. Hy bring dinge oor ons pad om ons te laat vrees. Let op die laaste gedeelte van 2Timothéüs 1:7 soos hierbo aangehaal:

*“... krag en liefde en selfbeheersing ...”*

In teenstelling met vrees, gee God vir ons ‘n ***gesonde, helderdenkende verstand***. Wanneer ons vrees, is ons denke nie meer helder nie. Dis dan wanneer ons ondeurdag optree en dinge doen wat ons nie gewoonlik sou doen nie.

Die Here praat in Johannes 10:10 van 'n dief. Wie is die dief? Dis die duiwel.

> *"Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek (Jesus) het gekom dat hulle lewe en oorvloed kan hê."*

Dis Jesus wat hier praat. Hy sê die dief (volgens die Engelse vertaling) -

> *"**kom nie, behalwe** ... om te steel en te slag en te verwoes nie."*

As hy dus nie kan steel of slag of verwoes nie, **kom hy** nie. Hy mors nie sy tyd as hy niks het om te doen nie. Hy is aktief en subtiel. Wanneer die duiwel êrens teenwoordig is, kan jy maar weet dat hy slegs vir hierdie redes daar is: om te steel, te slag en jou lewe te verwoes. As hy dit nie kan vermag nie, dan **kom hy nie**.

Kom ons voeg nou daardie twee Skrifgedeeltes saam.

1. Vrees kom nie van God af nie; dit kom van die duiwel af. As daar dus iets is wat jou laat vrees, kan jy seker wees dat die duiwel op die toneel is. Hy is daar iewers.
2. En hy sou nie daar wees sonder dat hy iets wil uitrig nie. Wat wil hy uitrig? Hy wil van jou steel, of jou slag of jou lewe verwoes.

Die oomblik wat jy dan aan vrees oorgee, kan jy daarvan verseker wees dat die duiwel aan die werk is, en God het vir ons gesê wat sy doel is. Hy wil van jou *steel*. Hy wil jou *slag* of jou lewe *verwoes*.

Om aan vrees oor te gee, sal daarom op een of ander manier lei tot die verwoesting van jou lewe.

Daar is egter 'n derde Skrifgedeelte wat ons moet insluit om waarlik te kan verstaan hoe vrees werk. Jesus het vir die Fariseërs gesê:

> *Joh 8:44 "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mense moordenaar van die begin af en* ***staan nie in die waarheid nie****, omdat daar* ***in hom geen waarheid is nie****. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat* ***hy 'n leuenaar is en die vader daarvan****."*

Hierdie Skrifgedeelte beskryf die duiwel as die vader van leuens. Met ander woorde, hy is 'n deskundige as dit kom by leuens. Elke versoeking waarmee hy jou verlei, het altyd 'n leuen as wortel. Wanneer hy jou met vrees in die versoeking lei om jou te verwoes, soos ons hierbo gesien het, gebruik hy 'n leuen om dit te doen. Hy lieg vir jou oor die toekoms, en dit bring vrees.

## Vrees neem hoop weg

Die duiwel kom met 'n leuen om sodoende jou kosbare hoop in die beloftes van God weg te neem. Hy het vir Eva mislei deur vir haar te sê,

> *Gen 3:4 "Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;*
>
> *3:5 "maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."*

Met ander woorde, die duiwel het twyfel in Eva se gedagtes gesaai rondom die beloftes en karakter van God.

> *"Julle sal gewis nie sterwe nie."*

God se beloftes is WAARHEID. Hulle is EWIGDUREND. Hulle is ONFEILBAAR. Ons kan hulle absoluut vertrou en daarom gee hulle ons HOOP. Ons neem daardie beloftes (HOOP) en maak hulle ons eie.

Sodra ons vir die duiwel se leuens val wanneer hy ons in die versoeking lei, en twyfel oor die betroubaarheid van God se beloftes in ons gedagtes begin toelaat, verdwyn HOOP en in die plek daarvan kom daar VREES. En vrees lei tot die dood. Let op hoe Adam en Eva weggekruip het van God. Waarom het hulle weggekruip? Hulle was bevrees.

> *Gen 3:10 "En hy (Adam) antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg."*

Geloof is op hoop gevestig, en hoop is aan die waarheid geanker

In teenstelling met vrees, word geloof op hoop gevestig. Sonder hoop is geloof nie moontlik nie.

> *Heb 11:1 "Die geloof is dan 'n vaste vertroue op die dinge wat ons **hoop**, 'n bewys van die **dinge wat ons nie sien nie.**"*

Geloof en hoop werk altyd saam met die onsigbare. Paulus beskryf dit mooi:

> *Rom 8:24 "Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?*

> *8:25 "Maar as ons **hoop vir wat ons nie sien nie**, dan wag ons daarop met volharding."*

Ons kan nie vir iets hoop wat ons alreeds sien nie. Dit is nie hoop nie. Ons hoop vir iets in die toekoms; iets wat ons nie sien nie. Maar hoe weet ons dit is in die toekoms as ons dit nie kan sien nie? Ons ken die toekoms deur 'n belofte wat gegee is.

As 'n pa vir sy seun 'n nuwe motor belowe sodra hy sy universiteit eksamens voltooi en geslaag het, is daardie seun aangepor deur daardie belofte om baie hard te studeer. Die oomblik wat hy geslaag en sy graad ontvang het, gaan hy met trots na sy pa met sy graad in die hand en 'n sekere verwagting van die motor wat kom. Sy hoop is deur middel van die belofte opgewek en nou reik sy geloof uit na daardie hoop met die sekerheid dat hy die motor sal ontvang waarvoor hy gehoop het, want hy vertrou sy pa se woord onvoorwaardelik.

Hierdie gee vir ons 'n fondasie om geloof te verstaan.

Daar is egter 'n ander dimensie van geloof wat noodsaaklik is as ons geloof wil verstaan. GEDULD.

> *Heb 6:11 "Maar ons verwag dat elkeen van julle dieselfde **ywer** mag toon om te kom tot die **volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe**;*
>
> *6:12 "sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid (geduld) erfgename van die belofte is.*
>
> *6:13 "Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer,*

*6:14"en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder.*

*6:5 "En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het."*

Kom ek verduidelik dit so deur weer ons illustrasie van die pa en seun te gebruik. Die verhaal begin met 'n belofte. Die pa gee vir sy seun 'n belofte. Iets om waarlik na uit te sien. Dit gee vir die seun hoop. En tog is die motor nie sigbaar nie. (*"Hoop wat gesien word, is geen hoop nie."*) Ons begin nou met die volgende fase. Geloof. Maar die geloof lewer nie onmiddellike uitslae op nie. Dit benodig geduld en toewyding. En dit is die moeilike gedeelte. Dit behels 'n jaar of twee se harde werk. Die seun vertrou dat sy pa sy woord sal nakom en werk daarom, as gevolg van die belofte, na die beloning (hoop) wat op hom wag. Dit verg toewyding en geduld. Die Skrif praat van die *"werk van geloof"*.

*1Thes 1:3 "... en onophoudelik in gedagte hou die* ***werk van geloof*** *en die* ***arbeid van julle liefde*** *en die* ***lydsaamheid van julle hoop*** *op ons Here Jesus Christus, voor onse God en Vader."*

*2Thes 1:11 "Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy* ***alle welgevalle aan wat goed is*** *(hoop), en alle* ***werk van die geloof*** *met krag volkome mag maak."*

Dit is tydens hierdie noodsaaklike stadium van harde werk – geduld – waar die duiwel kom mislei, en hy kom met 'n leuen.

*"Jou pa het nie die geld om daardie motor vir jou te koop nie."*

*“Dit is te moeilik; jy sal dit nooit regkry nie.”*

*“Jy is nie goed genoeg hiervoor nie.”*

*“Jy verdien nie so ‘n goeie geskenk nie. Onthou, jy het soveel keer van tevore misluk, jy sal nooit slaag nie.”*

Hierdie is almal leuens wat op die toekoms betrekking het. Die leuens kom gedurende die moeilike tye van harde werk en geduld. In hierdie tyd sien ‘n mens net die harde werk raak. Dit kom voor asof niks verander nie, en die beloofde motor is nog ver in die toekoms, ongesiens. Die vyand se leuens verpletter ons hoop en vervang dit met wanhoop en moedeloosheid. Die oomblik wat ‘n mens die leuens aanneem en daaroor begin nadink asof dit die waarheid is (om die waarheid met die leuen te vervang), dring vrees binne, in plaas van geloof, en word ons hoop verpletter.

Waarom is dit dat daar meer as 4000 teksverse in die Skrif oor die eindtye met betrekking tot herstel is (restoration)? Waarom is die tema van herstel en die eindtye so ‘n noodsaaklike deel van die Skrif? Dit is omdat die Here wil hê dat ons hoop moet hê, en hoop hou altyd verband met die toekoms.

Waarom is dit dat meeste kerke byna nooit oor die eindtye preek of leer, of selfs eindtyd Skrifgedeeltes verstaan nie? Word die beeld duidelik? Satan wil ons hoop verpletter, en as hy daardie doelwit deur leuens en valse leer kan bereik, dan kan ons nie ons geloof beoefen nie, en word ons as swakkelinge sonder ‘n visie vir die toekoms voorgehou.

*Hoséa 4:6 “My volk gaan ten gronde ween gebrek aan kennis ...”*

Wanneer 'n mens nie kennis het van God se planne en doeleindes (toekoms) nie, word mens hoop verpletter en is ons swak. Satan bereik sy doelwit deur leuens wat lei tot vrees, en dit lei tot ons verwoesting.

### Eindtyd Skrifte

Kom ons kyk dus na 'n paar eindtyd Skrifgedeeltes wat hierdie beginsel met meer helderheid beskryf.

Ons kyk na Lukas 21. Jesus verwys hier na die laaste dae. Baie gelowiges verstaan dat ons in die laaste dae leef. Jesus sê:

> *Lukas 21:25 "En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun."*

Benoudheid beteken *"angs, vrees, kommer wat aangebring word deur iets onverwags"*. Neem kennis dat dit vrees is vir wat dalk mag gebeur – toekoms. Radeloosheid is die gevoel dat daar geen uitweg is nie. Jy weet nie watter kant toe om te gaan nie. Daar is benoudheid – hoekom? Omdat ons nie weet watter kant toe nie. Ons het geen opsies nie. Daar is geen toekoms nie. Daar is benoudheid onder die nasies. Ons sien hoe die staatshoofde in die Vereenigde Nasies byeenkom en alles in hul vermoë doen om 'n oplossing te vind, maar ook hulle weet nie watter kant toe nie. Daar is benoudheid. Daar is redeloosheid.

Hierdie teksvers sê, *"... radeloosheid wanneer die see en branders dreun."* Die see stel die nasies voor. Die dreuning van die see is 'n uitstekende beskrywing van woede en van dit wat vandag aan die gebeur is. Die een nasie is kwaad vir die ander; die nasies kom teen mekaar in opstand soos die dreuning van die see en branders. Die volgende vers sê,

*21:26 “En mense se **harte beswyk** van **vrees** en **verwagting** van die **dinge wat oor die wêreld kom**. Want die kragte van die hemele sal geskud word.”*

Hierdie praat van hartaanvalle.

*“... verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom ...”*

Die verwagting van iets wat miskien kan gebeur. Hierdie dui op die TOEKOMS. Hulle weet nie wat gaan gebeur nie. Hulle het geen hoop nie, geen waarheid waaraan hulle hul hoop kan anker nie, daarom tree VREES in.

*“... mense se harte beswyk van vrees vir wat **miskien kan** gebeur.”*

Hier vind ons ‘n onderliggende eienskap van vrees. Vrees behels wat miskien more kan gebeur. Vrees het altyd te doen met die toekoms. Die duiwel neem ons hoop weg. Wat is hoop? Hoop is iets vir more, iets standvastig wat op die standvastige waarheid van God se Woord gevestig is. Ons hoop nie vir iets wat ons alreeds het nie. Ons hoop altyd vir die toekoms. Ons hoop vir die koninkryk van God om te kom. Ons hoop vir ewige lewe. Hoop is nie maar net ‘n ligtelike stelling, *“Ek hoop so,”* nie. Die Christen se hoop is op beloftes gevestig; dit is op waarheid gevestig, nie op raaiwerk of wetenskaplike data of voorspellings nie. Hoop se grondslag is die beloftes van God se Woord. Hy het gesê:

*Heb 13:5 “Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: EK SAL JOU NOOIT BEGEWE EN JOU NOOIT VERLAAT NIE.*

*13:6 "Daarom kan ons* ***met alle vrymoedigheid sê****: DIE HERE IS VIR MY 'N HELPER, EN EK* ***SAL NIE VREES NIE;*** *WAT SAL 'N MENS AAN MY DOEN?"*

Vrees steel daardie hoop. Vrees sê dat daar geen uitweg is vir ons om te wen nie. Daar is geen manier dat dinge beter kan raak nie. Dit kan net erger raak. Die oomblik dat ons hoop weggeneem word, ervaar ons vrees. Vrees behels hopeloosheid. Jou hoop is weg, of dit in jou huwelik, in jou finansies of waar ookal is.

*"Ek kan nie sien hoe my huwelik gaan uitwerk nie."*

Of

*"Daar is geen manier dat ek my skuld kan betaal nie."*

Dit is vrees.

*"My skuldlas is net te groot. Ek sien nie 'n uitweg nie."*

Dit is vrees. Jy is vreesbevange omdat jou hoop weg is. Terwyl jy nog hoop het, is daar nie vrees nie. Maar die oomblik dat jou hoop weg is, ervaar jy vrees.

Die Amplified Bybel stel dit so,

*Luk 21:26 "Men swooning away or expiring* ***with fear and dread*** *and apprehension and expectation of* ***things that are coming*** *on the world; for the very powers of the heavens will be shaken and caused to totter."*

Hierdie vrees is iets wat baie mense vandag ervaar. Miskien is dit in jou huwelik dat jy dit ervaar –

*“Daar is geen hoop dat ek en my vrou ooit weer sal versoen nie.”*

Of,

*“Ek en my kinders sal nooit weer versoen nie. Ons verhouding is reeds so sleg, daar is nou geen meer hoop nie.”*

Dit bring vrees. En vrees is van die duiwel.

Die teenoorgestelde van vrees is geloof. Geloof vereis dat daar hoop moet wees wat op God se Woord geanker is. Dit sê,

“Dinge sal beter raak. Ek sal met my vrou versoen. My finansies gaan uitwerk omdat God by my is en Hy gee my wysheid om enige situasie te hanteer.”

*Die oorlog word in ons denke gevoer*

Geloof en vrees is vyande van mekaar. Hulle voer ‘n stryd in ons gedagtes met mekaar. Ons denke is die oorlogsveld tussen geloof en vrees. Aan die een kant neem ons die Woord van waarheid en ons glo dit deur in geloof op daardie waarheid te staan; aan die ander kant voer ons onsself met leuens. Vrees is altyd op ‘n leuen gebou. Daar is ‘n stryd aan die gang tussen hierdie twee, geloof en vrees. Daardie stryd word in ons gedagtes gevoer.

*2Kor 10:3 “Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;*

*10:4“want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp.*

> *10:5"terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en **elke gedagte gevange neem** tot die gehoorsaamheid aan Christus."*

Wees versigtig watter gedagtes jy dink. Neem elke gedagte gevange wat nie in ooreenstemming met die Woord van God is nie en werp dit uit jou gedagtes. Weier om dit te oordink. Wees versigtig waarmee jy jou gedagtes voer. As jy dit gedurig met wêreldse dinge voer, sal die dinge van die vlees tot die dood lei. Maar wees bemoedig, God sal nooit die duiwel toelaat om jou met enige iets in die versoeking te stel wat te moeilik is om te oorwin nie.

> *1Kor 10:13 "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar **God is getrou**, wat **nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie**; maar Hy sal saam met die versoeking ook **die uitkoms gee**, sodat julle dit sal kan verdra."*

Leer hierdie Skrif en moenie aan die woorde van vrees ingee wat vir jou vertel dat die versoeking te moeilik is vir jou om te verdra nie.

Geloof is op die waarheid gevestig. Vrees is op 'n leuen gebou. *"Daar is geen uitweg vir jou om te oorwin nie."* Dis 'n leuen! By God bestaan daar nie so iets soos *"geen uitweg"* nie. God het altyd 'n uitweg. Die Skrif sê, *"God maak 'n weg in die woestyn."* God het altyd 'n uitweg. God kan dit doen. En Hy doen dit vir ons.

### 'n Persoonlike getuienis

Ek was al menigmaal op 'n plek in my lewe waar die omstandighede menslik gesproke onmoontlik was. Ek het jare gelede by twee geleenthede byna bankrot gespeel. Dit

was aan my eie dwase foute te wyte. Daar was geen uitweg nie. En tog het God vir my die wysheid gegee om die situasie te hanteer. Die Here het my 'n uitweg gegee toe ek uitgeroep het na Hom,

> *"Here, vergewe my asseblief vir my ongehoorsaamheid aan u Woord. Here, daar moet 'n uitweg wees uit hierdie situasie. U ken die weg. Wys my asseblief wat om te doen."*

Die Here het my gebed gehoor, my sonde vergewe en vir my 'n uitweg deur die bankrotskap gegee. Dit was 'n wonderwerk dat ek daar deurgekom het sonder dat ek bankrot gespeel het. Skuldvry.

Die Here het my by vele geleenthede op wonderbaarlike wyses gehelp. Een van daardie geleenthede was gedurende die tyd toe ek 'n gietery en ingenieurs maatskappy in Zimbabwe gehad het. 'n Mens werk in 'n gietery besigheid met *patrone* waaruit sand gietvorms gemaak word, en gesmelte metaal word dan in die sand gietvorms gegiet om metaalvorms te maak. Dit was ons besigheid, om verskillende metaalvorms vir ons kliente te maak. Jy kan dus verstaan dat die *patrone* waaruit die sand gietvorms gemaak is, uiters noodsaaklik vir die besigheid was. Daarsonder kon ons nie funksioneer nie en ons maatskappy sou toemaak.

Met ons aankoms by die fabriek een Maandag môre, het my werkers my ingelig dat diewe oor die naweek by die fabriek ingebreek het, en al ons *patrone* gesteel het. Ek was platgeslaan. Daardie *patrone* was baie ingewikkeld en 'n opgeleide patroonmaker soos ek sou minstens ses weke neem om een *patroon* te maak. Daar was omtrent 20 *patrone* gesteel. Om dit te vervang sou ten minste twee jaar se werk neem. Hoe kon ons as 'n besigheid vir twee jaar oorleef terwyl ek nuwe *patrone* maak?

Dit was toe dat vrees die oorhand oor my probeer kry het deur nie net vir my nie, maar ook meer as ‘n honderd van my werknemers te probeer verwoes.

> *“Jy gaan jou deure moet toemaak. Jy het alles verloor.”*

Vrees word op ‘n leuen gebou. “Jy gaan dit nie maak nie.” Geloof word op die waarheid gevestig: “God is met jou. Hy sal jou help.” Vrees is ‘n lokval.

Ek het desperaat gevoel. Maar toe herinner die Here my aan die waarheid van sy Woord wat ek voorheen geleer en **in my hart gebêre het**.

> *Jes 43:19 “Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, **Ek maak ‘n pad in die woestyn**, riviere in die wildernis.”*

My geloof het ingeskop en ek het gebid,

> *“Here, ek weet nie wat om te doen nie, maar U sê in u Woord dat U vir ons ‘n pad in die woestyn maak. Ek is hier in die woestyn, Here, maar êrens is daar ‘n pad daardeur. Wys my asseblief die weg.”*

Die Woord het my weer hoop gegee en ek het in geloof begin uitreik terwyl ek vir die Here gevra het vir ‘n antwoord.

Terwyl ek op die Here gewag het, het ek ‘n advertensie tydskrif op my lessenaar sien lê. Ek het gevoel dat ek dit moes oopmaak en lees. Terwyl ek deur die tydskrif blaai, sien ek ‘n advertensie van ‘n CNC masjien wat te koop was. (‘n CNC masjien is ‘n masjien wat deur ‘n rekenaar geprogrammeer word om baie akkurate vorms uit metaal te sny, en in hierdie geval was dit ontwerpe wat gebruik kon word om baie netjiese *patrone* uit aluminium te sny.) Die masjien was in

Harare en dit was teen ‘n billike prys beskikbaar. Ek het onmiddellik instinktief geweet dat ek hierdie masjien moes koop. Die masjien het gekom en saam met dit ‘n deskundige uit Suid-Afrika wat my vir twee weke kon oplei om die masjien te programmeer.

Ek het binne ‘n kort tydperk nuwe patrone begin maak. Hierdie keer was die patrone van aluminium gemaak, ‘n veel meer geharde materiaal as die hout en harpuis *(resin)* wat ons voorheen gebruik het. En ek kon ‘n patroon in ‘n week maak. Binne slegs ‘n paar weke kon ons gietstukke aan ons kliente verskaf wat uit die nuwe *patrone* gemaak was, en wat baie netjieser en meer akkuraat was as enige *patrone* wat ons voorheen gemaak het.

As gevolg van die besondere netheid van ons gietstukke het ons binne ‘n kort tydperk die Zimbabwe mark begin oorneem en uiteindelik 90% van die mark verskaf. Ek het die nuwe gietstukke Suid-Afrika toe geneem en binne ‘n kort tydperk het ons 25% van die Suid-Afrikaanse mark met daardie spesifieke lyn van gietstukke bereik.

Tydens die ekonomiese agteruitgang van 2006 tot 2008 in Zimbabwe toe die inflasie so hoog was dat ‘n mens Z$5 triljoen (Z$5,000,000,000,000) vir ‘n brood betaal het, het ons buitelandse geld met ons uitvoerprodukte ingewin. In plaas daarvan dat ons maatskappy soos die ander groot gieterye in ons stad gevou het, het ons gegroei.

Indien die woestyn ervaring van die diefstal nie plaasgevind het nie, sou ons die ekonomiese agteruitgang nooit oorleef het nie. As ek na die vrees en leuens van die duiwel geluister het, sou ons ons maatskappy moes toemaak en meer as 100 werknemers sou hul werk verloor het. En tog het geloof op God se Woord vir ons hoop gegee en dit het ons deur daardie

verskriklike woestyn anderkant uit na oorwinning gelei. Dit wat die duiwel as ons ondergang bedoel het, het God in ons guns omgekeer.

> *Rom 8:28 "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is."*

### Terug na die eindtye Skrifte

Kom ons gaan terug na ons eindtyd Skrif:

> *Lukas 21:28 "En as hierdie dinge begin gebeur, **kyk dan na bo** en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is."*

Let op na die gelowige se geloofsreaksie. Ons **kyk op**, nie af nie. Ons lig ons hoofde in vreugde en verwagting vir die vervulling van God se beloftes in sy Woord. Ons is nie in ellende nie; ons swig nie voor die leuens wat die duiwel bring en die verwoesting wat dit meebring nie.

> *Lukas 21:31 "So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur."*

Ons almal, gelowiges sowel as ongelowiges, neem dieselfde dinge wat plaasvind waar. Wanneer mens jou radio of TV aanskakel en na die nuus luister, hoor mens dieselfde dinge as die ongelowiges. Maar die reaksie is soveel anders.

> *"So moet julle ook **weet dat die koninkryk van God naby is** wanneer julle hierdie dinge sien gebeur."*

Dit is 'n heeltemal ander denkwyse. Ons beleef vreugde want die Here se wederkoms is naby! En Hy is in staat om ons deur die moeilikste situasies te help. Nadat Hy van hierdie dinge gepraat het, het Jesus in vers 34 gesê:

*"Maar pas op vir julleself,* ***dat julle harte nie miskien beswaar word*** *deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie."*

### Weerstaan die duiwel

Dit is waarom die Skrif vir ons sê om die duiwel teen te staan. Ons moenie aanvaar wat hy vir ons bring nie. Moenie jou lewe met die dinge van die wêreld vul nie.

*Spr 4:23 "****Bewaar jou hart meer as alles wat bewaar moet word****, want daaruit is die oorspronge van die lewe.*

*4:24 "Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe.*

*4:25 "Laat jou oë reguit kyk en jou ooglede hulle reg voor jou uit hou.*

*4:26 "Maak die pad van jou voet gelyk, en laat al jou weë vas wees.*

*4:27 "Wyk nie regs of links af nie, hou jou voet ver van boosheid."*

Wees versigtig waarmee jy jou hart vul. Ons behoort nie vrees te aanvaar of die duiwel toe te laat om ons mismoedig te maak nie, ongeag wat hy oor ons pad bring. Ons moet hom teenstaan. Vrees is 'n vyand. Vrees is nie iets wat gekoester moet word deur dit te aanvaar, te bewaar en daaroor te peins nie. Nee. Vrees is 'n vyand en hy wil jou lewe verwoes.

### 'n Belofte vir jou

*Psa 23:4 "Al gaan ek ook* ***in 'n dal van doodskaduwee****, ek sal geen onheil vrees nie; want* ***U is met my****: u stok en u staf dié vertroos my."*

Die Engels sê,

*"Even though I walk* ***through*** *the valley of the shadow of death …"*

Dit sê "THROUGH". Ons stap DEUR daardie donker dal. Ons kom anderkant uit. Daar is hoop. Dit is 'n belofte. Hy is gedurig by ons en Hy lei ons met deernis DEUR daardie dal en anderkant uit. Die dal is nie daar om jou te verwoes nie. Dit is daar om 'n wonderbaarlike weg vir ons te voorsien om sodoende 'n nuwe vlak van geloof en oorwinning en verhouding met Jesus te bereik. Wat vind ons aan die anderkant van daardie dal?

*Psa 23:5 "****U berei die tafel voor my aangesig*** *teenoor my teëstanders; U maak maak my hoof vet met olie; my beker loop oor."*

Daar is 'n feestafel aan die anderkant van die dal voorberei. Die tafel is in my teenstanders se teenwoordigheid. Tog, terwyl ek 'n feesmaal geniet, kan my vyande egter net terneergedruk toekyk. Ek drink uit my piering, want **my beker loop oor**!!

Mag die Here jou help om die duiwel en sy leuens wat vrees bring, teen te staan, en sodoende te oorwin. Mag Hy jou na 'n hoër vlak van hoop ophef, asook 'n kosbare daaglikse geloof en verhouding met Hom deur sy kosbare Woord van waarheid.

God seën jou.

## Let wel

*Ek is diep besorgd oor die algemene gebrek aan kennis wat gelowiges van die Skrif het. As gevolg daarvan val mense maklik vir die leuens en versoekinge van die duiwel asook valse leeringe, tot hulle eie ondergang. Die Heilige Gees het my gelei om boeke te skryf oor 'n aantal onderwerpe om mense te help om die waarhede van die Skrif te verstaan, en sodoende die nodige wysheid te hê om goeie lewensbesluite te maak wat hulle sal help om sterk te staan, en 'n lewe van oorwinning te lei. Dit is werklik geskryf om vir u 'n begrip van die Skrif te gee.*

*Dankie dat u hierdie artikels en boeke lees. Mag die Here u geloof in Hom versterk.*